SKEP MOED

Ester Venter



Kollosense 2:1-10

EK wil he dat julle weet hoe hard ek stry – vir julle, vir die gelowiges in Laodisea en vir al diengelowiges wat my nog nie persoonlik ontmoet het nie. Dit is my doel dat hulle moed sal skep en deur liefde aan mekaar verbind sal wees. Ek wil he dat hulle insig skatryk en oorvloedig sal wees, ja, dat hulle God se geheim heeltemal moet ken, naamlik: Christus. In die eenheidsband met Christus is al die geheime skate van wysheid en kennis te vind. Ek skryf dit vir julle sodat niemand julle met mooipraatjies om die bos kan lei nie. Al is ek nie persoonlik teenwoordig nie, is in die gees by julle.

Kollosense 2:1-10

Ek is bly om te sien hoe ordelik julle is en hoe vas julle geloof in Jesus Christus is. Noudat julle Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle lewe soos mense wat aan Hom verbonde is. Bly in Christus geanker en bou op Hom, standvastig in die geloof soos julle geleer is, en loop oor van dankbaarheid. Wees op julle hoede en laat niemand julle op sleeptou neem met leë misleidende filosofie wat wel rekening hou met menslike tradisie en met wêreldse magte, maar nie met CHristus nie.

Kollosense 2:1-10

Die volheid van God is mos liggaamlik in Christus teenwoordig. En omdat julle èèn is met Christus deel julle in Sy volheid – Hy wat die hoof is van elke heerskappy en gesag.

IDIOLOGIË IN KOLOSSE

- Animistiese bygelowe
- Astrologie
- Grieks en Romeinse Gode
- Mystieke gelowe (Gnostics)
- Jode

1. SKEP MOED

Dit is my doel dat hulle moed sal skep en deur liefde aan mekaar verbind sal wees.

Kol 2:2

2. VOLHARD

Bly in Christus geanker en bou op Hom, standvastig in die geloof soos julle geleer is, en loop oor van dankbaarheid.

Kol 2: 7

Openbaring 2:10

Hou op om bang te wees vir wat jy nog gaan lei. Kyk die duiwel gaan sommige van julle geledere in die tronk sit om julle rerig te toets. Julle sal ook swaarkry vir tien dae lank. Wees net getrou tot die dood toe en Ek sal aan jou die kroon van die lewe gee.

1 Tim 3:12

Ja en almal wat ‘n toegewyde lewe in verbondenheid aan Christus Jesus wil lei, sal vervolg word.

Mat 10:22

Julle sal deur almal gehaat word omdat julle My mense is. Maar elkeen wat sal volhou tot die einde toe, sal verlos word.

Jakobus 1:12

Gelukkig is die mens wat in beproewing volhard!

As die toets sy geloof as eg bewus sal hy die lewe

as oorwinningkroon ontvang.

Heb 12:2-3

Met so ‘n magtige skare toeskouers rondom ons om ons in die wedloop van die geloof dop te hou – kom ons stroop alles af wat ons spoed kan vertraag, veral die sonde wat so maklik ‘n houvas op ‘n mens kry. Kom ons hardloop met volharding op die baan wat voor ons uitgestrek lê, ons oë vasgenael op Jesus, die voorganger en die voleinder van ons geloofswed-loop.

Heb 12:2-3

Hy het ter wille van die blydskap wat daar voor hom gewag het, die kruis verduur. Ja, Hy het Hom selfs deur die skande van die kruisdood nie laat afskrik nie. En nou sit Hy op die ereplek langs God op die troon! Dink aan Hom wat soveel vyandigheid van sondaarmense deurstaan het. Dan sal julle nie uitsak en tou opgooi nie.

Heb 12:5-6

Julle het ook vergeet van die woord van aanmoediging wat tot julle as kinders van God gerig word. “My kind, jy moet dit nie geringskat as die Here jou dissiplineer nie. Moenie ontmoedig word as Hy jou aanspreek nie. Die Here dissiplineer juis die mense vir wie Hy lief is; Hy tug elkeen wat Hy as sy kind aanneem.”



Heb12: 7, 10-13

Wanneer God julle as sy kinders dissiplineer,verduur dit dan as deel van syopvoedingsprogram. Watter kind word nie gedissiplineer nie?...God doen dit beslis tot ons beswil, met die doel om ons te laat deel in Sy heiligheid. Elke vorm van tug lyk vir ons op die oomblik meer na ‘n rede vir trane as vir blydskap , maar later sal dit vir julle wat daardeur gedissiplineer is, n waardevolle oes oplewer van ‘n lewe wat

Heb 12:10-13

volgens die wil van God. Versterk daarom
daardie hande wat slap geword het en die kniee
wat knak, en maak julle hardloopbane reguit.
Dan sal die lam ledemate nie ingee nie,
maar eerder beter word.



Kol 2:8

Wees op julle hoede en laat niemand julle op sleeptou neem met leë misleidende filosofie wat wel rekening hou met menslike tradisie en met wêreldse magte, maar nie met Christus nie.

1 Tim 6:6

Ware godsdiens saam met tevredenheid is groot rykdom. Ons het immers niks saamgebring toe ons in hierdie wereld ingekom het nie, en ons kan ook nie iets saamneem wanneer ons sterf nie. As ons dus genoeg kos en klere het, laat ons tevrede wees.

Kol 2:6

Noudat julle Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle lewe soos mense wat aan Hom verbonde is. Bly in Christus geanker en bou op Hom, standvastig in die geloof soos julle geleer is, en loop oor van dankbaarheid.

Hebreërs 6:10-12

God is nie onregverdig nie. Hy sal nie vergeet hoe hard julle vir Hom gewerk het nie: Hoe julle julle liefde vir hom betuig het deurdat julle julle medegelowiges gedien het en dit nog steeds doen nie. Dit is ons Hartsbegeerte dat elkeen van julle enduit dieselfde entoesiasme sal vertoon sodat julle toekomsverwating bewaarheid kan word.

Hebreërs 6:10-12

Dan sal julle nie traag raak nie. Inteendeel, julle sal die voorbeeld volg van hulle wat deur hulle geloof en uithou vermoe besig is om te verkry wat God beloof het.



Johannes 16:33

Ek sê hierdie dinge vir julle sodat julle in My rus en vrede kan vind. In die wêreld sal julle swaarkry beleef, maar skep moed: Ek het die werêld reeds oorwin